ES ARGIEF

Verw. PV 3

# INVENTARIS VAN DIE
# ANN LATSKY-VERSAMELING

Saamgestel deur: P. Luus

April 2017

Pretoria

Voorwoord:

Anna Sophia Latsky is op 5 Maart 1912 in die Kaapprovinsie gebore. Haar loopbaan in verpleging begin in 1937 toe haar vader saam met haar afreis na Kaapstad om die opleidingsmoontlikhede te ondersoek. Na hy verskilldende hospitale oorweeg het, is daar ooreengekom dat sy haar opleiding aan die Booth-Gedenkhospitaal in Oranjezicht kon ontvang. Die opleiding is later voorgesit by die Pretoriase Algemene Hospitaal. In 1942 ontvang sy die Diploma in Algemene Verpleegkunde met lof. Sy ontvang die Kenneth B. Gloag Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Mediese Raad as die beste verpleegkundestudent in die destydse Unie van Suid-Afrika. Dit het gegeld vir beidie die praktiese en teoretiese eksamens. Sy verwerf die Diploma in Volkgesondheid en Skoolverpleging in 1944; die Diploma in Verpleegonderrig in 1947; die Diploma in Hospitaaladministrasie in 1952; die B.A.-graad met Sielkunde en Sosiologie as hoofvakke by die Universiteit van Suid-Afrika in 1958; en in 1968 die M.A.-graad in die sosiologie van verpleging van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Sy onderneem twee omvattende studiereise na die buiteland om ondersoek in te stel na die aard van verpleging en verpleegkundige opleiding in die Verenigde State van Amerika, Kanada, Engeland, Skotland, Ierland, Nerderland, België, Italië, Frankryk, Noorweë, Swede, Denemarke en Finland. Tydens die geleenthede tree sy ook op by verskillende internasionale en nasionale kongresse. Ann was intent geïnteresseerd in die opleiding van verpleegkunde en het ‘n leidende aandeel in die transformasie vanaf ‘n hospitaalstelsel van opleiding na ‘n kollegestelsel van opleiding gehad. Sy word dan ook die eerste prinsipale van die Witwatersrande Kollege van Verpleging – ‘n college wat geaffilieer was met twaalf opleidings-hospitale. Sy het ook ‘n leidende of adviserende rol vervul by die instelling van die graad B. Cur en die daarstelling van ‘n Departement van Verpleegkunde aan die Universiteite van Stellenbosch, Wes-Kaap, Potchefstroom, Witwatersrand, die Noorde en die Randse Afrikaanse Universiteit.

Sy het haar verpleegkundige opleiding in Engels ontvang en het haar deurgaans daarvoor beywer dat verpleegkundestudente opgelei moes word in die taal van hul keuse. Dat opleiding ook in Afrikaans kon geskied het in 1949 ‘n werklikheid geword en saam met mej. Lourens van die Pretoriase Kollege van Verpleging stel sy die eerste Afrikaanse verpleegkundige kernnotas in ‘n studiegids saam. Die studiegids is deur verskeie opleidingsinstansies gebruik. Soos te wagte was sy ook deurgaans intents gemoeid met die skep van ‘n verpleegkunde-terminologie in Afrikaans.

In 1995 word sy waarnemende matron-in-bevel van die Germistone Hospitaal. In 1957 word sy matron-in-bevel van die Boksburg-Benoni-hospitaal; in 1959 waarnemende hoofverplegingsbeampte van die destydse Transvaal. In 1962 word sy hoofverplegingsbeampte en word die pos opgegradeer om gelyk te staan aan die ondersekretaris van ‘n staatsdepartement. Sy ontvang ‘n oorkonde van die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie en word op die hoogste rang van die pos geplaas.

In 1976 ontvang sy ‘n eredoktorsgraad D.Phil, honoris causa van die Potchefstroomse Universiteit van CHO uit die erkenning vir haar “onberekenbare aandeel in die daarstelling en ontplooiing van ‘n nuwe orde van verpleging in Suid-Afrika”. Sy was presidensie van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad van 1960 tot 1970 en vise-president van 1970 tot 1979. Sy het ‘n leidende rol gespeel in talle komitees van die verpleegstersraad.

Sy was ‘n bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging en dien in talle komitees daarvan. Dié organisasie het ‘n lewenslange erelidmaatskap aan haar toegeken. In 1977 word die Witwatersrandse Kollege van Verpleging wat nou op die terrein van die Johannesburge Algemene Hospitaal staan, by ‘n luisterryke geleentheid verdoop tot die Ann Latsky-Kollege van Verpleging as veredere erkenning van haar bydrae tot die opleiding van die verpleegkundige. Aan die einde van 1977 het sy afgetree. Anna Latsky is op 6 Junie 1997 oorlede.

Inhoudsopgawe | Bl


| | |
|---|---|
| 1. Korrespondensie | 1 |
| 2. Verslae | 1 |
| 3. Biografieë / Sertifikate | 1 |
| 4. Memorandums / Notas | 1 |
| 5. Toesprake | 1 |
| 6. Uitnodigings / Programme | 1 |
| 7. Kongresse | 2 |
| 8. Allerei | 2 |
| 9. Foto's | 2 |
| 10. Plakboeke | 2 |
| 11. Publikasies | 2 |
| 11.1 Tydskrif- en Koerantartikels | |
| 11.2 Nuusbriewe | |
| 11.3 Boeke | |